

## 5. 'n Vergelykende evaluasie van die verskillende vertalings

“Wanneer *ek* 'n woord gebruik,” sê Oompie Doompie taamlik snedig, “dan beteken dit wat ek wil hê dat dit moet beteken – niks meer en niks minder nie.”

“Die vraag is,” sê Alice, “of jy woorde *kan* dwing om soveel verskillende dinge te beteken.”

“Die vraag is,” sê Oompie Doompie, “wie baas is – dis al.”

(Carroll, 1987:209)

### 5.1 Inleiding

Die evaluasie van 'n vertaling vorm 'n essensiële skakel tussen vertaalteorie, vertaalpraktyk en 'n vertaalproduk. Twee aspekte wat hier ter sprake is, is die teoretiese begronding/motivering van 'n vertaalkeuse, en die funksie van, of doel met, die vertaalde teks. Hoewel daar radikale omwentelinge in die studie van vertaling plaasgevind het van 'n twee-duisend jaar oue tradisie wat volkome getrouheid aan die oorspronklike werk voorstaan, tot die beskrywing van vertaling as manipulasie, subversie, appropriasie en kannibalisme (vgl. Sapire, 1995:70), bly die teorie van vertaling altyd 'n faktor om mee rekening te hou in die literêre vertaalpraktyk.

Die evaluasie van die twee Afrikaanse vertalings van die “Jabberwocky”-gedig word gedoen aan die hand van 'n vergelykende analise met die Engelse bronteks (vgl. Bylae A en B) en ander taalverwante gedigte.<sup>13</sup> Dit geskied teen die agtergrond van dinamiese ekwivalensie as teoretiese en konseptuele raamwerk.

---

<sup>13</sup> Weens die beperkte omvang van die skripsie word daar net verwys na die drie Nederlandse vertalings “De Krakelwok” (Ab Westervarder en René Kurpershoek, 1982), “Wauwelwok” (Alfred Kossmann en C. Reedijk, 1947) en “Koeterwaal” (Nicholaas Matsier, 1994; vgl. Bylaag C). Die vertalings is deel van 'n Internetdokument (sien Lim, 1997). Om egter 'n breër vergelykingsbasis daar te stel ten einde die vorm-inhoud-samehang te beklemtoon word daar in meer besonderhede ingegaan op die Duitse vertaling van Robert Scott, aan die hand van Do Carmo (1991). Al die genoemde gedigte word volleig in die bylae weergegee.

Hofstadter (1979:372) wys tereg daarop dat die taak van vertaling in alledaagse taal ietwat makliker is as die vertaling van 'n nonsenssteks omdat ooreenstemmende doeltaalelemente gewoonlik vir brontaalelemente *gevind* kan word. Die uitdaging vir die vertaling van hierdie spesifieke nonsensgedig is geleë in die feit dat baie BT-woorde nie tradisionele betekenis dra nie, maar suiwer optree as “exciters of nearby symbols” (Hofstadter, 1979:372). Dit beteken dat die vertaler(s) doeltaalekwivalente (“woorde”) sal moet *skep* wat dieselfde potensiele simboliese en emotiewe appersepsies/gewaarwordinge sal genereer.

Heath (1974:139) wys tereg daarop dat “the most curious thing about this poem is that, though everybody agrees that it is great nonsense, nobody is prepared to leave it that way”. Die geslaagdheid van al die vertalings van die “Jabberwocky”-gedig is dan moontlik ook geleë in die oorspronklike gedig se potensiaal om gevoelens, beelde en assosiasies te genereer en te suggereer. Vertalers vind dit dus oënskynlik nie moeilik om die storiegebeure weer te gee nie. Hierdie stelling word onteenseglik bewys in die evaluasie van die verskillende vertalings (vgl. 5.3).

## 5.2 Die doel met en funksie van die vertaalde teks

*Alice se avonture in Wonderland* is in 1965 deur André Brink vertaal ter viering van die honderdste verjaarsdag van *Alice's adventures in Wonderland* (1865). Ses jaar later is *Alice deur die spieël* (*Alice through the looking glass*), waarin die “Jabberwocky”-gedig voorkom, ook vertaal. Albei die tekste is vertaal in opdrag van Leon Rousseau, destyds van Human en Rousseau (vgl. Rousseau 1993:70).

Enige vertaler sal erken dat die vertaling van Carroll se spitsvondige taal, sy dolrympies, sy parodieë en woordspeling nie 'n benydenswaardige taak is nie. Al oplossing is om so na as moontlik aan die oorspronklike strukturele gegewe te bly en binne daardie raamwerk te probeer om reg te laat geskied aan die woordspel. Brink motiveer sy vertaalkeuses onomwonde in die voorwoord:

... daar is ... min te sê vir die vertaal van 'n Engelse boek in Afrikaans. Maar wanneer 'n mens te doen het met 'n klassieke werk wat ... vanweë die taalspel ... soveel probleme vir die gemiddelde jong Afrikanertjie kan oplewer dat die genot van die werke vir hom verlore

raak, dan is daar 'n mate van regverdiging voor. Maar dan ook enkel en alleen op voorwaarde dat die vertaling hom prikkel om so goue as wat hy maar kán die werke in hulle oorspronklike, stralende vorm te gaan lees. (Carroll, 1987:7.)

Brink het die vertaling van die “Jabberwocky”-gedig gedoen binne die konteks van die vertaling van die teks *Alice through the looking glass* as 'n geheel. Só gesien dien dit 'n belangrike doel binne die doeltaalkultuur en beantwoord dit aan die doel van vertaling: om die wêreld van klassieke en grootse letterkunde vir kinderlesers oop te maak wat hulle sal noop om as volwasse lesers dieper en wyer te lees.

Die tweede vertaling van die “Jabberwocky” is as teks in isolasie gedoen deur Linette Retief, destyds hoofkopieskrywer by DMB & B, 'n advertensiemaatskappy in Johannesburg. Die vertaling is gepubliseer in *Die Burger* se Boekeblad van 25 Augustus 1992. Wilhelm Grütter het 'n kort, niksseggende artikel oor vertaling as “die slypsteen vir die swaard van 'n taal en sy beoefenaars” daaroor geskryf (vgl. Bibliografie). Die gedig is deur me. Retief aan die outeur (AK) gefaks; sy het die ontstaansgeskiedenis daarvan bevestig, asook die feit dat sy geen navorsing rondom Carroll se werk gedoen het nie.<sup>14</sup> Sy is deur een van die direkteure uitgedaag dat “Jabberwocky” onvertaalbaar is: “I bet you that won't work in Afrikaans” (Rousseau, 1993:71), min wetend dat Brink dit reeds suksesvol vertaal het!

Op sigwaarde is die “Jabberwocky”-gedig 'n vuurproef vir selfs die gesoutste vertaler en woordkunstenaar. In die konteks van die Carroll-oeuvre is dit egter, veral met Humpty Dumpty se woordverklarings as riglyn, nie so 'n onmoontlike taak nie. Albei vertalings spreek van 'n meesterlike vermoë om met Afrikaans om te gaan. Brink se vertaling herinner baie aan die gees en woordspel van die oorspronklike, terwyl Retief 'n jonger, waaghalsiger en moderner trant ten opsigte van klankkombinasies inslaan.

Die radikale verskille, selfs binne die vryheid van die sogenaamde sinloosheid van die “Jabberwocky” spruit dan moontlik uit die verskillende vertalers se oorspronklike motivering vir die vertaling. Brink moes hom hou aan Humpty Dumpty se woordverklarings binne die konteks van die Alice-boeke; Retief het bloot met klanke en klankkombinasies

---

<sup>14</sup> Oorspronklike kopie in besit van outeur.

gespeel in die aanvaarding van haar uitdaging. Hoewel haar vertaling skitterende woord- en klankspel is, sal dit veroorsaak dat die konteks van die verhaal (Humpty Dumpty se woordverklarings) ook aangepas moet word, wat heel moontlik is, gestel die arbitrêre aard van die woordbetekenisse.

### 5.3 Die evaluasie van die vertaalde teks

Newmark (1995:184-189) bied 'n nuttige raamwerk waarbinne die evaluasie van 'n vertaling gedoen kan word:

- teksanalise in terme van outeur, agtergrond, temas en teikengroep;<sup>15</sup>
- die doel met en funksie van die vertaling;<sup>16</sup>
- 'n vergelyking met die oorspronklike, en
- referensiële en pragmatiese betekenis.<sup>17</sup>

As 'n basis vir die evaluasie van die DT-tekste word die laaste twee aspekte van Newmark se raamwerk as uitgangspunt geneem.

Volgens Dolitsky (1988:81) word makrokontekstuele, mikrokontekstuele en fonetiese betekenisgewingstrategieë gebruik in die betekenisgewingsproses van 'n nonsenseteks (vgl. 3.7). Hierdie aspekte is ook op die vertaalde teks(te) van toepassing. Lambert en Van Gorp (1985:82) wys daarop dat 'n basis vir vergelykende evaluasie ook kan berus op 'n makro- (super-) en mikrokontekstuele analise van die vertaling(s) in vergelyking met die bronteks. Volgens Dolitsky (1988:81) kan die strategieë afsonderlik of in kombinasies met mekaar toegepas word. Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n makro- en mikrokontekstuele analise van die DT-tekste in vergelyking met die bronteks gedoen ten opsigte van ekwivalensie van klank, struktuur, sintaksis en betekenis. *Makro-* dui vir die doeleindes van hierdie bespreking op die superstruktuur of grammatiese raamwerk soos gebruik deur Carroll in die bronteks, terwyl *mikro-* dui op die idiosinkratiese betekenisgewing in die vertaling van elke gedig.

---

<sup>15</sup> Die bronteksanalise is reeds in hoofstuk 4 gedoen.

<sup>16</sup> Die aspek word slegs kortliks in 5.2 toegelig na aanleiding van die bespreking in 2.

<sup>17</sup> Die bespreking van punt drie en vier word geïntegreerd in hierdie hoofstuk gedoen as makro-mikrokontekstuele evaluasie van die DT-tekste.

## 5.4 Makrokontekstuele evaluasie

### 5.4.1 Estetiese betekenisgewing deur middel van klanklike ekwivalensie

Neologismes word beteken na aanleiding van betekenis gekodeer deur 'n woord wat foneties daarmee ooreenkom en wat reeds in die taal bestaan. Volgens Dolitsky (1988:88) is die doel van nuutskeppinge (neologismes)

to activate linguistic “remembrances” ... and it is associated memories coming together that the reader will draw upon to invest the text with meaning. The translator of nonsense, then, is not translating what the words of the text mean, but what meaning(s) they may lead to.

Volgens Newmark (1988:166) geniet die estetiese funksie van 'n gedig (alliterasie, assonansie, rympatrone, eindrym, dus klanklike aspekte) voorkeur bo die ekspressiewe funksie (die inhoud of “sense”) in die vertaling van 'n nonsensstek. Dit is dan ook ten opsigte van hierdie aspekte/funksies dat vertaalekwivalensie bewerkstelling moet word.

Die belangrikste voorwaarde vir doeltaalekwivalensie in 'n nonsensgedig is dus die estetiese effek (Newmark, 1988:42). Dit sluit aspekte soos alliterasie, assonansie, rymskema en sonoriteit in, omdat die klanke van die gedig die atmosfeer bepaal en betekenis genereer. Die vertaling van die nuutskeppinge in die “Jabberwocky” vra dus eerder fonetiese ekwivalensie as semantiese ekwivalensie.

Die Duitse vertaling van die “Jabberwocky” deur Robert Scott<sup>18</sup> is hoofsaaklik gerig op suksesvolle rympatrone: “Scott’s main concern was to retain a rhyme scheme in his translation.” (Do Carmo, 1991:75.) Gardner (1998:193) wys daarop dat dié Duitse vertaling (daar is nog twee ander<sup>19</sup>) “magnificent” is.

Volgens Babler (1970:194) het die vertaler van nonsensgedigte “the obligation to try to

---

<sup>18</sup>Robert Scott was 'n vooraanstaande Griekse akademikus wat saam met Alice se vader (Dean Liddel) aan 'n Griekse leksikon gewerk het. Die vertaling het oorspronklik in Februarie 1872 verskyn (vgl. Gardner, 1998:193)

<sup>19</sup> Sien Lim (1997) se Internetdokument.

retain the sound of the original poem and to reproduce the effects that depend on the emphasis of sound, such as rhyme, sonority, alliteration and assonance". Die rymskema van die BT-gedig (vgl. 4.3.3) word grotendeels suksesvol deur Brink vertaal om ekwivalensie van vorm sowel as klank te bewerkstellig. Dit is duidelik dat die rympatroon as 'n geheel nie ooreenstem nie, maar Newmark (1988:165) wys daarop dat hoewel die rymskema in die vertaling van gedigte deel is van die vorm daarvan, kan die presiese orde daarvan noodwendig in die slag bly in die vertaling van die gedig.

As in ag geneem word dat rympatrone 'n besondere struikelblok is in die vertaling van poësie oor die algemeen, het Brink hom besonder goed van sy taak gekwyt deur deurgaans kruisrym te bewerkstellig. Retief se rymskema is wisselvallig en dus onsuksesvol ten opsigte van die ekwivalensiedoelwit. Dit is opvallend dat Brink se "Brabbelwoggel" ten opsigte van klank ekwivalent is aan "Jabberwocky" van Carroll.

Klankpatrone wat in die gedig herhaal word en wat hierdie klanklike ekwivalensie bevorder, is veral die volgende vokale: [o:], [ ], [i], [a:], [ i], [Ø] en [u]; en die konsonante [l], [r] en [x]. Hierdie klanke word funksioneel aangewend, soos ook in die BT-gedig, om die atmosfeer van die gedig weer te gee en die estetiese effek te bewerkstellig. Volgens Boets (1960:24-37) word die klanksimbool van/in 'n gedig vergestalt in die suksesvolle aanwending van klanke. Die algemene stemming van hierdie gedig word gedra deur die reeds genoemde klanke en bevorder die gelade atmosfeer van dreigende gevaar en ouerlike besorgdheid.

Aan hierdie doelwit word verder suksesvol voldoen deur die alliterasie en assonansie van die DT-elemente en -ekwivalente:

R1 *Dis brillig en die glyme likkedis*

R2 *Drool en drindel in die weib*

R3 *Bibberkolies is die borogis*

R9 *Hy vat sy gwerpe sabel vas*

Hoewel Retief se vertaling ten opsigte van die ekwivalensie van die eindrym onsuksesvol is, word die estetiese effek na wense bewerkstellig deur die suksesvolle gebruik van

alliterasie en assonansie:

R1 *Dis gonker en die vore garings*

R2 *Fruip en gronkel in die bloof*

en veral:

R6 *Die kaak wat kou, die klou wat klap*

R7 *O wee die Flikflokvoël en flak*

Sy gebruik ook meestal dieselfde klanke as Brink om klanklike ekwivalensie te bewerkstellig: [i], [o:], [Ø], [a:], [i], [u] en [x], [r], [f], [l].

Do Carmo (1991:79-80) se vergelyking van die Engelse en Duitse gedig dui daarop dat die vertaler (Scott) ten opsigte van die ekwivalensie van die klanklike aspekte van die gedig 'n geslaagde DT-teks geskep het. Die voorafgaande vergelykings dui daarop dat Brink en Retief in die Afrikaanse vertalings ook ten opsigte van ekwivalensie van die klanklike aspekte 'n geslaagde DT-teks geskep het.

#### 5.4.2 Strukturele ekwivalensie

Albei die vertalers het die gedig as 'n gedig vertaal met sewe kwatryne, maar nie elke ewegeotalreël op 'n inkeep ("indent") begin soos Carroll nie. Daar is geen besondere motivering vir hierdie afwyking nie. Soos die oorspronklike gedig is die laaste strofe in albei die vertalings 'n herhaling van die eerste.

Die enigste afwyking ten opsigte van hooflettergebruik is deur Brink gedoen in R9-10 wat ongemotiveerd voorkom in vergelyking met (byvoorbeeld) R1-2 en R19-20 waar punktuasie en natuurlike ritme ten opsigte van hooflettergebruik in elk geval nie in ag geneem is nie.

Beide die vertalers het die oorspronklike struktuur van die bronteks (indeling van strofes, leestekengebruik, direkte rede en hooflettergebruik) grootliks behou. Retief wyk slegs in R15, R18 en R19 af met 'n aandagstreep (–), uitroepteken (!) en ellips (...) waar Carroll 'n komma (,), geen leesteken en 'n uitroepteken (!) onderskeidelik gebruik het.

Brink wyk af van die oorspronklike teks in die volgende reëls:

|     | <b>Brink</b>   |   | <b>Carroll</b> |
|-----|----------------|---|----------------|
| R2  | kommapunt      | x | dubbelpunt     |
| R3  | geen leesteken | x | komma          |
| R9  | geen leesteken | x | dubbelpunt     |
| R11 | geen leesteken | x | komma          |
| R13 | geen leesteken | x | komma          |
| R14 | dubbelpunt     | x | komma          |
| R15 | geen leesteken | x | komma          |
| R18 | punt           | x | uitroepteken   |
| R22 | punt           | x | uitroepteken   |

Die oorspronklike direkte rede is ook in albei die vertaalde gedigte (vgl. strofe 2 en 6) behou. Dit bevorder die interpretasie van die gedig en storiegebeure. Do Carmo (1991:81) wys daarop dat Scott in die Duitse vertaling ook getrou gebly het aan die struktuur (“physical lay-out”) van die gedig, sowel as die leestekengebruik, maar nie die direkte rede in strofe 2 en 6 behou het nie. Sy beskou dit as ongemotiveerd en ’n leemte in die vertaling:

There is no basis for such a change. In fact, the quotation marks indicate that there is direct speech; these quotation marks help the reader understand the poem more clearly, and if they had been retained in the German translation, they would probably facilitate the comprehension of the poem. Since Carroll intended to indicate that someone was speaking and that someone was being spoken to, this should be retained in the translation. (Do Carmo, 1991:80-81.)

### 5.4.3 Sintaktiese ekwivalensie

Die strukturele seine/grammatikale raamwerk in strofe een van die twee Afrikaanse vertalings, die twee Nederlandse vertalings en een Duitse vertaling, in vergelyking met die oorspronklike Engelse teks, lyk soos volg:<sup>20</sup>

---

<sup>20</sup>Vergelyk bespreking by 4.3.1.

|                                                                                                                                                |                                                                                                                                        |                                                                                                                                           |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Carroll</b><br><br>R1 'Twas ___ and the ___y ___s<br>R2 Did ___ and ___ in the ___<br>R3 All ___y were the ___s<br>R4 And the ___ ___s ___. | <b>Brink</b><br><br>R1 Dis ___ en die ___e __ ( )<br>R2 ( ) ___ en ___ in die ___<br>R3 ( ) ___s is die __ ( )<br>R4 En die ___e ___.  | <b>Retief</b><br><br>R1 Dis ___ en die ___e ___s<br>R2 ( ) ___ en ___ in die ___<br>R3 Ja ___ was die __ ( )<br>R4 En die ___ __ ( ) ___. |
| <b>Westervaaider/Kurpershoek</b><br><br>R1 't Was ___ en de ___e ___s<br>R2 ( ) ___ op de ___<br>R3 ( ) ___s<br>R4 't ___ ___.                 | <b>Kossmann/Reedijk</b><br><br>R1 t Wier ___ en de ___s<br>R2 ( ) ___ in het ___s<br>R3 Hoe ___ waren de ___s<br>R4 Bij't ___ der ___s | <b>Scott</b><br><br>R1 Es ___ war die ___n ___n<br>R2 ( ) ___ und ___ im ___n<br>R3 Und ___ ___n<br>R4 Die ___ ___                        |

Albei die vertalers het die strukturele woordorde van die model soos deur Carroll daargestel grotendeels behou. Die “operative agent” (Hockett, 1958:263) wat idees in Alice se kop plaas, het dus dieselfde funksie in die vertaalproses as wat dit in die oorspronklike betekenisgewingsproses gehad het. Hierdie model of superstruktuur is ook deur die vertalers van sowel die Duitse as die Nederlandse tekste behou. Hoewel die raamwerk op sigself betekenisloos is, is dit bekend vir Alice (en vir die vertaler). Die grammatiese struktuur van elke taal is saamgestel uit sekere formulepatrone wat deur ooreenkomste tussen taalgebruikers 'n betekenis van hul eie oordra onafhanklik van die gegewe inhoudswoorde wat in die beskikbare formulepatrone teenwoordig mag wees.

#### 5.4.3.1 Funksiewoorde (grammatiese raamwerk)

Albei Afrikaanse vertalers het die grammatiese merkers of grammatiese raamwerk (vgl. Hockett, 1958:262) *dis*, *en*, *die*, *in* en *is/was* net so vertaal. Die Duitse en Nederlandse weergawes het ook grootliks met funksiewoorde (Sutherland, 1970:209) semantiese ekwivalensie bewerkstellig.

Hockett (1958:262) illustreer hierdie feit deur middel van twee sinne gegrond op Carroll

se model wat die essensiële identiteit van die onderskeie strukture se betekenis onthul:

'Twas morning and the merry sunbeams  
 did glitter and dance in the snow;  
 all tinselly were the treetops,  
 and the happy fairies frolicked.

'Twas stormy and the tall pines  
 did quiver and tremble in the gale;  
 all dark were the streets,  
 and the weary villagers slept.

Hieruit blyk duidelik die uniformiteit van taaluniversalia: "Amid infinite diversity, all languages are, as it were, cut from the same pattern." (Malmkjaer, 1991:277.) Hierdie linguistiese universaliteit dui op die linguistiese beginsels wat onafhanklik in elke taal fungeer.

Volgens Rousseau (1993:71) het beide Brink en Retief die uitdaging ontwyk wat die heel eerste woord van die gedig bied. Die Engelse woord 'Twas met sy argaïese konnotasies in Engels kon volgens hom ewe suksesvol vertaal word met 't was, die saamgetrekte vorm vir Nederlands en ook vir ou Afrikaans het was. Dit sou ook die gelade atmosfeer van geheimsinnigheid en gevaar verhoog het. Die eerste reël sou dan kon lees:

R1 *'t was brillig en die glyme likkedis* (Brink)

R1 *'t was gonker en die vore garings* (Retief)

Westervaaier en Kurpershoek se Nederlandse vertaling, sowel as dié van Kossmann en Reedijk begin albei met die vorm *'t Was bradig ... 't Wier bradig ...*

#### 5.4.3.2 Infleksiemerkers (verbuigingsmerkers)<sup>21</sup>

Omdat Afrikaans 'n flekterende taal<sup>22</sup> is, in vergelyking met Nederlands, Engels en Duits,

---

<sup>21</sup> Vergelyk 4.3.1.

<sup>22</sup> 'n Flekterende taal het geen woordgeslag en naamvalle, die beperkte aanduiding van besit (genitief), geen persoonsvorme en geen aanledige vorme vir die aanduiding van die verlede tyd of imperfektum (preteritum) nie (vgl. Raidt, 1985:180-191 en De Villiers, 1969:22-24).

sou hierdie aspek nie probleme ten opsigte van die vertaling in die Afrikaanse gedigte oplewer nie. Enkele tersaaklike verskynsels in hierdie verband is die meervoudsvorme en byvoeglike naamwoorde in die gedig en die vertalings in Afrikaans.

Albei die Afrikaanse vertalers het die gebeure in die historiese praesens weergegee. Hofstadter (1979:372) wys daarop dat die Franse vertaler van die gedig, Frank L. Warrin, ook die werkwoordtye van die verlede na die teenwoordige tyd funksioneel transponeer het: “To keep it in the past would make some unnatural turns of phrase necessary and the present tense has a much fresher flavor in French than the past.” Dieselfde geld die vertalings in Afrikaans.

Volgens Rousseau (1993:71) kon en met waar vervang word in R1 om te kompenseer vir die oorgang van verlede tyd na die historiese praesens. Die historiese praesens is tipies van die verteltrant in Afrikaans waar woorde soos *en* en *toe* tidsverloop aandui. Daarom is *en* wel funksioneel aangewend in die Afrikaanse vertalings. In al drie die Nederlandse vertalings word *and* ook met *en* vertaal, wat in elk geval die semantiese ekwivalent is. Dit sou dus ten opsigte van semantiese ekwivalensie ongemotiveerd wees om *and* met *waar* te vertaal.

Brink het nie meervoudsvorme in R1 en R3 gevorm nie. Likkedis en borogis sou nie die metrum versteur het nie, gevolglik is die afwyking ongemotiveerd. Retief het ook nie in R3 'n meervoudsvorm gevorm nie. Haar vertaling van *wraths* met *wil* (R4) dui daarop dat sy nie Humpty Dumpty se woordverklarings in ag geneem het nie.

Al die byvoeglike naamwoorde in die Afrikaanse vertalings is vertaal in ooreenstemming met die fleksiemerkers van die BT-gedig. Die *-e-* en enkele *-s-* uitgang dui op die verbuiging van die bywoord in die attributiewe posisie en bewerkstellig ook affek in die gedig:

|    | <b>Brink</b>        | <b>Retief</b> |
|----|---------------------|---------------|
| R1 | <i>glyme</i>        | <i>vore</i>   |
| R3 | <i>bibberkolies</i> | —             |
| R4 | <i>vnier</i>        | —             |
| R8 | <i>wroedige</i>     | <i>frose</i>  |

|     |               |              |
|-----|---------------|--------------|
| R9  | <i>swerpe</i> | –            |
| R15 | –             | <i>frose</i> |
| R22 | –             | <i>frawe</i> |

## 5.5 Mikrokontekstuele evaluasie

### 5.5.1 Semantiese ekwivalensie

Of Carroll doelbewus die portmanteau-woorde geskep het of nie; hóé hy dit geskep het en of die “Jabberwocky”-woorde regtig geskep is met spesifieke woordbetekenisse in gedagte is sonder praktiese belang en sal altyd ’n teoretiese vraagstuk bly. Sutherland (1970:151) wys daarop dat die samestellings bloot vir humoristiese effek geskep is. Dit is ook moontlik dat die woorde spontaan in hulle finale vorm by Carroll opgekom het, met ander woorde dat die neologismes nie doelbewus in ’n woordskeppingsproses gevorm is nie. Bowendien word al die sogenaamde portmanteau-woorde nie noodwendig deur Humpty Dumpty se verklaring gedek nie.

’n Ander vraag ter sake: Wie bepaal geskikte interpretasies van simbole – hetsy algebraïes of algemene taalsimbole? Wanneer Alice vir Humpty Dumpty dié vraag vra, sê hy dat woorde (soos algebraïese simbole) veelvuldige betekenisse kan hê en hy (soos die simboliese algebraïs) kan die betekenisse bepaal (Carroll, 1993:184-185). Uit Humpty Dumpty se woorde kan die volgende afleiding gemaak word:

(1) most words are ambiguous; (2) words mean more than we mean to express when we use them; (3) no word has a meaning inseparably attached to it: it merely means what the speaker intends by it and what the interpreter understands by it; (4) word-meanings are totally arbitrary (Sutherland, 1970:98).

Die moontlikheid om woorde te definieer soos wat dit die spreker/skrywer/vertaler pas – dat woordbetekenisse arbitrêr is – word op ondubbelsinnige wyse in die twee vertalings van “Jabberwocky” geïllustreer. Gesien in dié konteks sou Retief se vertaling ook geslaagd wees, want Carroll onderskryf Humpty Dumpty se siening van die arbitrêre aard van woordbetekenisse in ’n artikel gepubliseer in *The theatre magazine* (vgl. Sutherland, 1970:155): “no word has a meaning inseparably attached to it; a word means what the

speaker intends by it and what the hearer understands by it, and that is all". Die implikasie is dat woorde in sigself geen intrinsieke betekenis oordra nie, elkeen kan sy eie betekenis in 'n bepaalde konteks toeken. Maar, soos wat Alice se gesprek met Humpty Dumpty duidelik aandui was Carroll ook van mening dat as 'n mens in arbitêr-gedefinieerde woorde wil kommunikeer, moet die leser/vertaler ingelig wees oor die geïmpliseerde betekenis van die woorde wat gebruik word. Indien die kommunikasie (vertaling) geslaagd wil wees moet arbitêre gebruik dus gedefinieer wees.

Brink het albei die Alice-boeke vertaal, en waarskynlik navorsing daarvoor gedoen. Retief het die vertaling van die "Jabberwocky"-gedig gedoen sonder die brontekstkontekstualisering of -evaluering as 'n geheel.

Vir die vertaler bied hierdie aanname 'n groot uitdaging: om in 'n doeltaalwerklikheid binne die hele teoretiese raamwerk van ekwivalensie en die konteks van die brontekst met doeltaalteken en in 'n doeltaalsisteem steeds 'n humoristiese en ekwivalente effek te werkstellig verg enersyds 'n kennis van die teorie van taal en vertaling en andersyds woordkuns uit die boonste rakke.

As Heath (1974:139) beweer dat die Duitse vertaling van "Jabberwocky", "Der Jammerwock", verreweg die beste is omdat "in no other language is elaboration of structure so readily compatible with entire absence of meaning" bewys Brink en Retief se vertaling van die "Jabberwocky" hom reg. 'n Vergelyking van die twee Afrikaanse vertalings met dié Duitse weergawe, veral ten opsigte van ekwivalensie van klank, dui op die besondere geslaagdheid van dié vertaling. Brink se vertaling sou egter ook ten opsigte van sowel ekwivalensie van klank as semantiese ekwivalensie as besonder geslaagd beskou kon word.

Vervolgens 'n lys van Carroll se neologismes en die vertalings van die twee Afrikaanse, een Duitse en drie Nederlandse vertalings:

| Carroll             | Brink                                     | Retief            | Scott                               | Westervarder/<br>Kurpershoek | Kossman/<br>Reedijk                 | Matsier            |
|---------------------|-------------------------------------------|-------------------|-------------------------------------|------------------------------|-------------------------------------|--------------------|
| Jabberwocky         | Brabbelwoggel                             | Die<br>Flabberjak | Der<br>Jammerwoch                   | De Krakelwok                 | Wauwelwok                           | Koeterwaal         |
| <u>brillig</u>      | <u>brillig</u>                            | gonker            | <u>brillig</u>                      | bradig                       | bradig                              | schiewert          |
| <u>slithy</u>       | glyme                                     | vore              | <u>schlichten</u>                   | <u>slijp'le</u>              | spieramants                         | <u>glappe</u>      |
| toves               | likkedis                                  | garings           | <u>Toven</u>                        | <u>torfs</u>                 | spieramants                         | muik               |
| gyre                | drool                                     | fruij             | wirten                              | dril                         | bedroorden                          | graffelt           |
| gimble              | drindel                                   | gronkel           | wimmelen                            | tolden                       | slendig                             | graffelt           |
| <u>wabe</u>         | <u>weib</u>                               | bloof             | <u>Waben</u>                        | <u>weep</u>                  | zwiefs                              | vijchten           |
| <u>mimsy</u>        | Bibberkolies                              | grimvol           | <u>mümsige</u>                      | <u>misbrozig</u>             | klarm                               | heelsloef          |
|                     |                                           |                   |                                     |                              |                                     |                    |
| <u>borogoves</u>    | <u>borogis</u>                            | kilderboom        | <u>Burggoven</u>                    | <u>borogorfs</u>             | oorefants                           | rontelguik         |
| <u>mome</u>         | vmere                                     | ploert            | <u>mohmen</u>                       | verdoolde                    | bluifen                             | strave             |
| <u>raths</u>        | rode                                      | ploert            | <u>Räth'</u>                        | grasvark                     | beriets                             | woelen             |
| <u>outgrabe</u>     | sneib                                     | kroof             | <u>ausgraben</u>                    | schreep                      | beriets                             | krijgten           |
|                     |                                           |                   |                                     |                              |                                     |                    |
| <u>Jubjub</u>       | <u>Joepjoep-</u>                          | Flikflok-         | <u>Jub jub</u>                      | <u>Jubjub</u>                | <u>Tsoep-Tsoep</u>                  | Dubdub-            |
| <u>frumious</u>     | wroedige                                  | <u>frose</u>      | <u>frumiösen</u>                    | <u>gritse</u>                |                                     | glurieuz           |
| <u>Bandersnatch</u> | Rubberknyp                                | Blakkerdap        | <u>Brander-</u><br><u>schnatzen</u> | <u>Bandjegauw</u>            | Barbeleet                           | Beffesnaai         |
|                     |                                           |                   |                                     |                              |                                     |                    |
| <u>vorpai</u>       | swerpe                                    | fredel            | <u>vorpals</u>                      | <u>vorpalen</u>              | gruipend                            | <u>worpei</u>      |
| <u>manxome</u>      | <u>afgemankste</u>                        |                   | <u>manchsam</u>                     | <u>manxaam</u>               | aarts-<br>schavoest                 |                    |
| <u>Tumtum</u>       | <u>Toemtoem-</u><br>met die ronde<br>kwas | Kloringboom       | <u>Tumtum</u>                       | <u>Ploemploem-</u><br>plant  | <u>tumtumboom-</u><br><u>knoest</u> | Plingplom-<br>boom |
| uffish              | drommeldroom                              | friepte(dink)     |                                     | nijvig (peinzend)            | diep<br>(gedenk)                    | ruffig<br>(denken) |
| <u>whiffling</u>    | swiep                                     |                   | <u>wiffeln</u>                      | blaarde                      | met zwalpe<br>zwenk                 | zingend            |
| <u>tulgey</u>       | warboelboom                               | frose             | <u>tulgen</u>                       | rapuinhout                   |                                     | groene vlar        |
| <u>burbled</u>      | <u>borbel</u>                             |                   | <u>burbelend</u>                    | <u>burbelend</u>             | <u>borbelend</u>                    | <u>worvelend</u>   |

| Carroll           | Brink           | Retief       | Scott                  | Westervarder/<br>Kurpershoek | Kossman/<br>Reedijk          | Matsier                                        |
|-------------------|-----------------|--------------|------------------------|------------------------------|------------------------------|------------------------------------------------|
| snicker-snack     |                 | klikker-klak | zerschnifer-<br>shnück | kriskras                     | kler de kling                | van hupen<br>hop, van<br>zig en zag<br>en zoel |
| <u>galumphing</u> | <u>galuppel</u> |              | <u>geläumfig</u>       | <u>galomfaal</u>             |                              |                                                |
|                   |                 |              |                        |                              |                              |                                                |
| <u>beamish</u>    |                 | frawe        | <u>böhm'sches</u>      | <u>brale</u> (held)          | jokke-jeugd                  | lieve deugd                                    |
| frabjous          | praglik         | flore        | Freuden                | heugle                       | heerlijkheid<br>fantabeltijd | kostbaarlijk                                   |
| <u>Callooh</u>    | Hoerê           | Floera       | <u>Halloo-</u>         | Hoezee                       | heerlijkheid<br>fantabeltijd | Kaneel                                         |
| Callay            | Hef aan         | Floerag      | Schlag                 | Hoezol                       | heerlijkheid<br>fantabeltijd | Kaneel                                         |
| <u>chortled</u>   | gig-lag         |              | <u>chortelt</u>        | <u>gnorde</u>                | <u>knorkelde</u>             | gnuivelde                                      |

Dit is dan ook opvallend dat baie van die Engelse neologismes bloot by die doeltaalklankstelsel aangepas is om ekwivalensie van klank te bewerkstellig. Sodoende word genoeg betekenis gesuggereer en gegenereer om die gebeure oortuigend weer te gee.

Al die portmanteau-woorde word vervolgens in die bespreking ingesluit en vergelykend verklaar omdat dit, gesien in die konteks van Humpty Dumpty se verklarings aan Alice, aandui hoedat die DT-“woorde” tog semantiese ekwivalensie bewerkstellig al dan nie, ten spyte van oënskynlike sinloosheid. Omdat 'n nonsensteks hier ter sprake is, sou dit ook moeilik wees om 'n keuse te maak ten opsigte van spesifieke woorde as sou dit “meer” of “minder” betekenis suggereer.

### 5.5.1.1 Die titel

Die titel van die gedig is “Jabberwocky”. *The Oxford English dictionary* (1933) omskryf

*jabber* soos volg: “[T]o talk rapidly and indistinctly or unintelligibly; to speak volubly and with little sense; ... a language which is unintelligible to the hearer.” Cuddon (1991:464) omskryf die woord *jabberwocky* as “(a) form of nonsense, unintelligible speech or writing. At its worst it degenerates into whimsy, that apparently ineradicable cancer of English humour”.

Lewis Carroll maak daarvan ’n vreemde, vreesaanjaende monstergedierte in *Alice through the looking glass* (1872). Die “nonsens” daarin vervat is alles behalwe nonsens, maar “... logic (which) ... seems deliberately planned and precise; reason on the spree in a surrealist funfair” (Cuddon, 1991:593). Sir John Tenniel se illustrasie (Carroll, 1993:135; sien Bylaag E) laat die leser met geen illusies omtrent die voorkoms en vreesaanjaendheid van die “Jabberwocky” nie, onderbaadjie en al. Ciardi (1971:254) vind die woord *jabber* gevolg deur *wocky* op sigself beskrywend: “... if there were such a thing as a wocky this is the way it might jabber”.

In die konteks van woordeboekverklarings sou Brink se vertaling van Brabbelwoggel semanties ekwivalent wees aan *Jabberwocky*: Brabbel beteken volgens die WAT (1970) “verwarde, onverstaanbare, onduidelike taal”, terwyl *flabber* WAT (1974) “’n sagte flapperende geluid maak” beteken. *Jak* is volgens die HAT (1994) ’n “swartbruin hoefdier met lang golwende hare op sy bors, sye en stert, omtrent twee meter hoog”. Semantiese ekwivalensie vind dus nie plaas nie, hoewel *flabberjak* op ’n tipe dier kan dui.

Brink het slegs een woord vir die vertaalekwivalent gebruik, terwyl Retief ’n lidwoord byvoeg (soos ook die Duitse vertaling “Der Jammerwoch”, a.g.v. die interne struktuur van die taal) wat daarvan ’n spesifieke ongedierte maak. Brink se vertaalkeuse sou ook (soos die bronteks) daarop kon dui dat die taal in die gedig slegs nonsens is, blote *brabbelwoggel*.

### 5.5.1.2 Strofe 1

- *brillig*

Volgens Gardner (1998:191) is die woord *bryllig* soos wat Carroll dit in *Mischmasch* verklaar het afgelei van die werkwoord “to bryl or broil”, “the time of broiling dinner i.e. the close of the afternoon”. Wanneer Humpty Dumpty die gedig aan Alice verklaar,

verduidelik hy dat *brillig* beteken “four o’clock in the afternoon – the time when you begin broiling things for dinner” (Carroll, 1993:185). Brink het dié neologisme behou, soos ook Robert Scott in die Duitse vertaling, terwyl Retief gonker (*donker?*) as ’n vertaal-ekwivalent gekies het.

- *slithy*

Volgens Gardner (1998:194) verklaar *The Oxford English dictionary* *slithy* as ’n variant van *sleathy*, ’n woord wat in Engels in onbruik verval het met die betekenis “slovenly” (Afrikaans *liederlik*, *slordig*, *slonserig*, *morsig*, *vuil*), maar Humpty Dumpty gee ’n ander verklaring daarvoor: “lithe and slimy, lithe is the same as active ... a portmanteau” (Carroll, 1993:185), dus *liederlik* en *slymerig*.

Hofstadter (1979:366-373) probeer deur middel van die “Jabberwocky”-gedig en ’n Franse en Duitse vertaling daarvan die vraag beantwoord of tale – of dan, die mens se brein – op mekaar gekaart kan word: Wat het menslike breine gemeen? met die implikasie: Is ekwivalensie in vertaling hoegenaamd moontlik? Wanneer Hofstadter (1979:372) meen dat die nonsenswoorde in die “Jabberwocky” bloot optree as “exciters of nearby symbols” (konnotasies), aktiveer ’n woord soos *slithy* simbole soos *slimy*, *slither*, *slippery*, *lithe* en *sly* in mindere of meerdere mate in die brein van ’n Engelse taalgebruiker. Dus sou Brink se *glyme* bloot op die klankwaarde daarvan simbole soos *glibberig*, *glad*, *gly* en *glip* aktiveer. Retief se woordkeuse vore sou nie hierdie simbole aktiveer nie of konnotasies dra nie, waarskynlik weereens omdat sy nie bekend was met die bronteksagtergrond nie.

Do Carmo (1991:73) wys daarop dat die Duitse vertaling *schlichten* ook “smooth” beteken en dat dit nie ’n neologisme is nie, maar ’n woord wat wel vir die Duitse spreker betekenis het. Die vertaler het semantiese ekwivalensie bewerkstellig deur middel van ’n bekende en gebruiklike Duitse woord.

In die voorwoord van “The hunting of the snark” (Carroll, 1993:731) gee Carroll self ’n verduideliking van die uitspraak van sekere woorde. *Toves* moet uitgespreek word sodat dit rym met *groves* en dus ook *goves*. Brink se vertaling van (*boro*)*goves* met (*boro*)*gis* rym met sy vertaling van *toves* met (*likke*)*dis*. Retief se (*kilder*)*boom* en *garings* rym nie. Sy kon dus nie Carroll se verduideliking van die uitspraak van die woorde in ag geneem het in haar vertaling nie.

- ***toves***

Die skep van 'n woord soos *toves* en al die ander nuutskoppings in die gedig dui op die veelvlakkigheid van taal en illustreer hoedat taalgebruikers taal kan aanwend vir die doeleindes van naamgee – reëel of fiktief – om sodoende in staat te wees om daaroor te dink en te praat, as 't ware vrese te besweer. Die Duitse neologisme *toven* sowel as die vertaal-ekwivalente behou grotendeels die uitspraakvereiste en dus die rymvereiste *toven* en (*Burg-*) *goven* om ook klankekwivalensie te bewerkstellig. Volgens Humpty Dumpty is *toves* “badgers with smooth white hair, long hind legs and short horns; living chiefly on cheese; curious looking creatures: something like badgers, lizards and corkscrews, making their nests under sundials” (Carroll, 1993:185).

Brink het die term vertaal met *likkedis* (*likkewaan* + *akkedis*?) en Retief met garings. Hoewel Brink se vertaalkeuse suksesvoller is in terme van Humpty Dumpty se verduideliking, sou die woord *towers* in terme van ekwivalensie van klank 'n nog geslaagder keuse kon wees en voldoen aan die meervoudsvereiste (vgl. die infleksiemerker *-s* in *toves*). Die Engelse term sou kon inpas by die Afrikaanse fonetiese stelsel omdat Afrikaans en Engels albei soos ook Duits en Nederlands Germaanse tale is. *Towers* rym ook met byvoorbeeld *borogovers* (R3).

- ***gimble***

Volgens Gardner (1998:194) is *gimble* 'n variasievorm van *gimbal*: “Gimbals are pivoted rings used for various purposes, such as suspending a ship’s compass so that it remains horizontal while the ship rolls.” In *Mischmasch* het Carroll (Gardner, 1998:191) dit verduidelik as: “Gymble (whence gimblet). To screw out holes in anything.” Volgens Humpty Dumpty beteken dit ook “to screw out holes in anything; to make holes like a gimlet” (Carroll, 1993:185).

Brink het die woord vertaal met *drindel* en Retief met *gronkel*. In die tweede reël van die gedig het Brink dus die alliterasie van die brontaalgedig (*gyre* en *gimble*) suksesvol gereproduseer. Retief het dié poëtiese rol van alliterasie geïgnoreer.

Hoewel beide Brink en Retief se woordkeuses dus nie semanties ekwivalent is nie, het Brink in sy doeltaalvorme deur die alliterasievorme suksesvolle ekwivalensie van klank

bewerkstellig en Retief nie (vgl. *drool* en *drindel* x *fruip* en *gronkel*). *Fruip* en *fronkel* of *gruip* en *gronkel* sou ook moontlik suksesvoller alliterasievorme in Retief se gedig kon wees. Omdat klank so 'n belangrike rol in wisselwerking met die struktuur speel, moet ekwivalensie van klank prioriteit geniet bo semantiese ekwivalensie (Do Carmo, 1991:75).

- ***wabe***

Volgens Carroll se oorspronklike woordverklarings (Gardner, 1998:196) is die woord *wabe* afgelei van die werkwoord “to swab or soak ‘the side of a hill’ (from its being soaked by the rain”. Humpty Dumpty verduidelik die term as “the side of a hill; the grass-plot round a sundial” (Carroll, 1993:185).

Brink het *wabe* vertaal met *weib*; hy het dus die Engelse term by die Afrikaanse fonetiese vorm aangepas om sodoende ekwivalensie van klank te bewerkstellig. Retief se term *bloof* (wat herinner aan *kloof*) is dus ten opsigte van klankekwivalensie onsuksesvol.

- ***mimsy***

Carroll (Gardner, 1998:191) se oorspronklike verduideliking van *mimsy* is “(whence mimserable and miserable), unhappy” en Humpty Dumpty sê dit is 'n portmanteau-woord saamgestel uit *flimsy* en *miserable*, wat “ongelukkig” beteken.

Die Duitse vertaling is *mumsige*, 'n aanpassing van die fonetiese patrone van Duits (Do Carmo, 1991:75-76). Brink het *mimsy* vertaal met *bibberkolies* en Retief met *grimvol*, albei betekenislose nonsenswoorde wat nie met die klankpatrone van die brontekselement ooreenstem nie.

- ***borogoves***

Humpty Dumpty verduidelik aan Alice *borogoves* is “parrots that had no wings, beaks turned up: making their nests under sundails and living on veal; thin shabby-looking bird with its feathers sticking out all round – like a live mop” (Carroll, 1993:185). Carroll se oorspronklike annotasie lui soos volg: “An extinct kind of Parrot. They had no wings, beaks turned up, and made their nests under sundails, lived on veal.” (Gardner, 1998:191.)

Weereens het Brink 'n neologisme gevorm wat ten opsigte van klank en rym ooreenstem met *borogoves*: *borogis*. *Borogovers* sou moontlik 'n suksesvoller keuse wees (vgl. die

bespreking by *toves*). Retief se *kilderboom* is onsuksesvol ten opsigte van semantiese sowel as klanklike ekwivalensie. Die term *kilderboom* denoteer te veel 'n "tipe boom".

- ***mome***

Carroll (Gardner, 1998:191) se oorspronklike annotasie vir *mome* stem ooreen met Humpty Dumpty se verduideliking (Carroll, 1993:186): "grave/solemn; short for from home, lost their way" wat uit "solemome, solemony and solemn" afgelei is.

Brink kon moontlik die oorspronklike Engelse vorm bloot by die Afrikaanse klankstelsel aangepas het [mo:mə] wat 'n suksesvoller keuse kon wees, aangesien die term *mome* in elk geval betekenisloos is. Retief het nie die woord vertaal nie.

- ***raths***

Volgens Humpty Dumpty (Carroll, 1993:186) is 'n *rath* "a sort of green pig", terwyl Gardner (1998:191) die oorspronklike annotasie gee as: "A species of land turtle. Head erect: mouth like a shark: forelegs curved out so that the animal walked on its knees: smooth green body: lived on swallows and oysters."

Brink het *raths* vertaal met *rode* en Retief met *ploert*. *Rade* sou wat klanklike ekwivalensie betref moontlik 'n beter keuse wees, terwyl Retief se vertaalekwivalent nie 'n neologisme is nie en ook nie ooreenstem met Humpty Dumpty se verduideliking nie, en voorts 'n ander konnotasie in Afrikaans dra.

Do Carmo (1991:76) wys daarop dat Scott se Duitse vertaling van *mome raths* as *mohmen Räth* 'n aanpassing is van die brontaalelemente om aan te pas by die Duitse fonetiese patroon.

- ***outgrabe***

*Outgrabe* is volgens Carroll se oorspronklike annotasies (Gardner, 1998:191) "to outgripe" en kan verbind word met 'n ou werkwoord "to grike or strike" waarvan afgelei is "shriek" en "creak". Dit beteken ook "squeaked". Humpty Dumpty gee 'n heel ander verduideliking: "outgribing ... something between bellowing and whistling with a kind of sneeze in the middle" (Carroll, 1993:186).

Brink het die term met *sneib* vertaal en Retief met *kroof*. Indien Brink die klank en rym van die bronteks wou weergee sou die term *greib/gryb* beter by die klankpatroon daarvan ingepas het. Hoewel Retief *outgrabe* met *kroof* ook 'n werkwoord gemaak het, word ekwivalensie van klank nie bewerkstellig nie.

Die vertaling van die ander strofes lewer nie besondere probleme op nie. Die oorspronklike strukturele raamwerk is nie pertinent belangrik nie omdat die referensiële betekenis gereedelik duidelik is.

### 5.5.1.3 Strofe 2

#### • *Jabberwock, Jubjub bird, Bandersnatch*

*Jabberwock, Jubjub* en *frumious Bandersnatch* is verskillende benaminge vir die “wat ook al” wat Brink met *Brabbelwog*, *Joepjoepvoël* en *Ribberknyp* vertaal het.

Die suffiks *-el* van *Brabbelwog(gel)* (die benaming in die titel vir *Jabberwock(y)*) as infleksiemerker kan suksesvol hier deur Brink weggelaat word in ooreenstemming met die bronteksbenaming. Die voor die hand liggende doeltaalekwivalent *Joepjoepvoël* stem ooreen met die brontaalelement wat klankwaarde betref terwyl die *Ribberknyp* weereens voldoen aan Hofstadter (1979:372) se konnotatiewe betekenisgenerering.

Retief se vertaalkeuses *Flabberjak*, *Flikflokvoël* en *Blakkerdap* is hoogstens suksesvol as gevolg van die klankrykheid, alliterasie en assonansie daarin en nie as gevolg van die konnotasies wat dit oproep nie.

Carroll (1993:748) beskryf die *Jubjub bird* in die gedig “The hunting of the snark” (Carroll, 1993:730-760) as 'n desperate gedierte en 'n gedugte teenstander: “Should we meet with a Jubjub, that/desperate bird/we shall need all our strength for the job.” Brink se vertaling van “Pas op vir die Joepjoepvoël se dreun” eggo hierdie voorspelling en waarskuwing, terwyl Retief se vertaling ongemotiveerd is. Robert Scott het in die Duitse vertaling ook die ekwivalensie van klank bewerkstellig met die voor die hand liggende reduplikasie van *Jubjub-Vogel*.

Volgens die HAT (1994) beteken wee “pyn/smart/ramp” (Eng. “woe”) en nie “pas op/oppas” soos wat Brink dit wel vertaal het nie. Hoewel Rousseau (1993:71) meen dat dit

op 'n manier werk (d.i. suksesvol is), en dat dit soms “pays to bend or even break the rules of a language or the meaning of words” is dit waarskynlik bloot gedoen weens die ooreenstemmende klankwaardes (*o weel/beware*) [o:we:] en [biwə] wat moontlik 'n ooreenstemmende simbool aktiveer. Die woordkeuse het ook 'n minder bekende (veral vir 'n kind) betekenis van 'n “dreigement”, daarom sou dit in die konteks kon werk, veral dan omdat die meeste woorde so vreemd en onbekend is.

Hier is egter geen sprake van 'n ontwykende, dwingende rymwoord nie, daarom is dit ongemotiveerd om die kommunikatiewe waarde/betekenis van die woord te verander: “The distortion of a line’s meaning is the ultimate and worst subterfuge ...” (Lefevere, 1975:51), hoewel dit darem nie hier van soveel belang is nie. Dit is egter sinvoller om 'n woordkeuse te maak wat ekwivalent is in kommunikatiewe waarde as sy eweknie in die bronteks (Lefevere, 1975:51), veral omdat dit in hierdie teks een van die min werkwoorde is wat werklike referensiële betekenis dra, en boonop 'n imperatief is.

- ***frumious***

*Frumious* is 'n portmanteau-woord saamgestel uit *furious* en *fuming* (Carroll, 1993:86), daarom sou Brink se samestelling *wroedige* 'n simbool aktiveer wat “woedend”, “ru”, “aardige” en “wreed” sou kon beteken/konnoteer. Retief se *frose* sou wel konnotasies van “bose” kon oproep omdat die woord soos bose lyk. Volgens Sewell (1952:12) lyk woorde soos *frumious* en *Bandersnatch* soos ander bekende en betekenisdraende woorde, al dra hulle geen betekenis nie, en al is hulle slegs 'n groep klanke sonder betekenis. Die vertaler kan dus met woorde speel; denotasies en konnotasies maak in die betekenisgewingsproses.

Robert Scott het in sy Duitse vertaling met die woorde *frumiösen Branderschnatzen* bloot die Engelse vorme by die Duitse fonetiese struktuur aangepas.

#### **5.5.1.4 Strofe 3**

- ***vorpai***

Die referensiële betekenis van strofe 3 is duidelik genoeg. Volgens Gardner (1998:196) het Carroll nie 'n verduideliking vir *vorpai* gehad nie, maar volgens Partridge (in Sutherland, 1970:150) is *vorpai* “a blend of voracious and narwhal”. Brink se *swerpe* herinner aan *skerpe* sodat die leser die nodige afleiding oor die kwaliteit en eienskappe van die

swaard/sabel kan maak. Brink sou moontlik met die alliterasie *swerpe swaard* (soos in R17) 'n beter effek en ekwivalensie van klank tot gevolg kon hê. Retief se *fredel swaard* bewerkstellig in 'n mate ekwivalensie van klank.

Robert Scott het met *vorpals* ook suksesvol ekwivalensie van klank bewerkstellig deur die woord by die Duitse fonetiese struktuur aan te pas.

- ***manxome***

Volgens Gardner (1998:196) was *Manx* die Keltiese naam vir die “Isle of Man”. Die woord is in Engeland gebruik om enigiets ten opsigte van die eiland te denoteer: *Manx* (taal), *Manxmen* (inwoners) en so meer. Brink se vertaling *afgemankste* herinner aan *afgedankste*, met die betekenis van “vervlakste of geweldige lawaai” (WAT, 1984:75) en dra al die relevante inligting oor. Retief het nie die woord vertaal nie. Scott het weereens die woord met 'n klanklike ekwivalent *manchsam* by die Duitse klankstelsel aangepas. Hofstadter (1979:373) meen egter dat die ryk botone van die BT-x-klank verlore gaan in die swak klankekwivalent *manchsam* wat in Engels terugvertaal as *maniful*.

- ***Long time ... he sought***

Volgens Raidt (1985:191) is tipiese kenmerke van die Afrikaanse sinsbou byvoorbeeld die dubbele ontkenning, die gebruik van die voorsetsel vir voor 'n direkte of indirekte objek, die reduplikasie van woorde soos plek-plek en werkwoordkonstruksies soos *Gaan staan hy eers en dink* (R12). Die probleem waarmee die vertalers in R10 te kampe gehad het, was om die tydsverloop (*Long time ... he sought*) suksesvol in 'n vertaalekwivalent te verreken sonder om die metrum te versteur. Retief het dit met die herhaling van die woordjie *soek* besonder geslaagd opgelos. Afrikaans is dus 'n taal van nadruklikheid; boonop beklemtoon die herhaling *En soek, soek hy die Frap voorwaar* die dringende en doelgerigte soeke na die Flabberjak.

Retief se gebruik van die woord *'n bietjie vir awhile* gee die atmosfeer van oorpeinsing goed weer. Brink het met *staan ... en dink* 'n verbale hendiadiskonstruksie<sup>23</sup> gebruik om die durende handeling aan te dui.

---

<sup>23</sup> Die weergawe van een begrip deur die koppeling van twee newegesikte woord soos *vuur en vlum, sit en kyk*.

Die Duitse frase *er an-zu-denken-fing* is nie 'n ekwivalent van die Engelse frase *stood awhile in thought* nie, maar 'n “playful reversal of words” (Hofstadter, 1979:373) in die betekenis van “he out to ponder set”. Dié frasekeuse versterk die atmosfeer van die gevaar en implikasies wat die selfopgeleide taak inhou en word ook ewe goed deur Brink en Retief se vertaalkeuses bewerkstellig.

- ***Tum-tum tree***

Volgens Gardner (1998:196) was *Tum-tum* “a common colloquialism in Carroll’s day, referring to the sound of a stringed instrument, especially when monotonously stringed”. Brink het dit vertaal met die voor die hand liggende klanklike ekwivalent *Toemtoemboom*, soos ook Scott in die Duitse vertaling (*Tumtum*). Retief se keuse *Kloringboom* is ongemo-tiveerd en onsuksesvol.

Die metrum en ritme versnel in R11. Brink het hier voor die tipiese probleem van die vertaler van rym te staan gekom: metrum en ritme. Daarby moes hy 'n woord vind wat rym met vas (R1), en boonop het R4 nie genoeg woorde nie. Noodgedwonge moes hy gebruik maak van “superfluous modifiers” of onverwante stoplappe (vgl. Lefevere, 1975:50). Toe brei hy uit op die reeds bestaande *boom* deur dit te kwalifiseer/omskryf met *met die ronde kwas*, sonder om die vinniger tempo van die metrum te versteur. Brink het die reël dus ekwivalent vertaal ten opsigte van ritme, tempo en metrum. Dit is opvallend dat Kossman en Reedijk se vertaling ook hierdie kwalifikasie bevat: *tumtumboomknoest*.

### 5.5.1.5 Strofe 4

- ***uffish***

Carroll het self (vgl. Gardner, 1998:196) die woord verklaar as “a state of mind when the voice is gruffish, the manner roughish and the temper huffish”. Dit is dan te betwyfel of *drom-meldroom* (Brink) of *friep te dink* (Retief) enigiets anders as kreatiewe woordkeuses is.

- ***whiffling***

*Whiffling* is volgens Gardner (1998:196) nie 'n Carroll-neologisme nie, maar 'n woord wat verskeie betekenisse kon hê in Carroll se tyd. Die bekendste betekenis was “blowing unsteadily in short puffs”. Dit het dan ook 'n slengwoord geword vir “variable” en “evasive”. In 'n vorige eeu het dit “smoking and drinking” beteken.

Brink se *swiep* is 'n bestaande Afrikaanse woord wat “veerkragtig buig” (HAT, 1994) beteken. Retief het die woordkonstruksie en sinsorde van R14 en R15 verander sodat sy *whiffling* nie vertaal het nie maar bloot die handeling weergegee het met *kom ... al aan*.

- ***tulgey***

*Tulgey* is een van die min woorde waarvoor Carroll nie 'n verduideliking kon gee nie (vgl. Gardner, 1998:196). *Warboelboom* (Brink) en *frose bos* (Retief) is dus hoogstens suksesvolle woordkeuses. Retief het egter *frumious* (R8) ook met *frose* vertaal. Dit is egter te betwyfel of *frumious* en *tulgey* dieselfde konnotasies oproep. Scott se Duitse ekwivalent *tulgen* is 'n baie geslaagder keuse as enige van die Afrikaanse vertalings, juis as gevolg van die klankekwivalensie.

- ***burbled***

Volgens Gardner (1998:196) is die woord oënskynlik 'n kombinasie van *burst* en *bubble* en in Engeland gebruiklik as 'n wisselvorm van *bubble* (soos *the burbling brook*). Dit beteken ook “to perplex, confuse or muddle: His life fallen into a horribly burbled state”. In moderne (lugvaartkundige) Engels verwys dit na onstabiele lugtoestande rondom 'n voorwerp.

Brink se klankekwivalent is *borbel*; Retief het met twee werkwoorde *skuim* en *traan* bloot die handeling vertaal. Scott se keuse is *burbled* waarmee hy ekwivalensie bewerkstellig deur die aanpassing van die woord by die Duitse fonetiese struktuur.

### 5.5.1.6 Strofe 5

- ***snicker-snack***

Volgens Sewell (1952:123) roep die reduplikasiewoorde in die gedig (wat geen ander bekende woorde in herinnering roep nie) self 'n repetatiewe handeling van hul eie op:

|     | Carroll      | Brink                  | Retief          |
|-----|--------------|------------------------|-----------------|
| R7  | Jubjub       | Joepjoep               | Flikflokvoël    |
| R11 | Tumtum       | Toemtoem               | Kloringboom (?) |
| R18 | snickersnack | heen en weer dwarsdeur | klikkerklak     |
| R23 | Callooh!     | Hoerê                  | Floera!         |
| R23 | Callay!      | Hef aan!               | Floerag!        |

Hulle voer dieselfde handeling uit as die *swerpe sabel: One two! One two! And through and through* (R17) wat Brink met *Een twee! Een twee! ... heen en weer ...* (R17-18) semanties ekwivalent vertaal het.

Retief het beslis in R18 met die gedeeltelike reduplikasiewoord *klikker-klak* vir *snicker-snack* 'n geskikter klankekwivalent geskies as Brink met *vlym heen en weer dwarsdeur*. Met *zerschniferschnüick* voldoen Scott ook aan die ideaal van ekwivalensie van klank. Onomatopeïese woorde soos *klikker-klak* is ikonies van aard: “[T]heir sound forms are believed to be related by some physical resemblance or other to what they stand for.” (Botha, 1995:160.)

- ***galumphing***

*Galumphing* is volgens Gardner (1998:196) 'n Carrolliaanse woord wat in *The Oxford English dictionary* opgeneem is as 'n Carroll-neologisme. Dit word beskryf as 'n kombinasie van *gallop* en *triumphant* met die betekenis van “to march on exultantly with irregular bounding movements”.

Brink het oënskynlik met 'n kombinasie van *galop* en *huppel* van *galumphing* met *galuppel* 'n werkwoord gemaak. Die woordspeling in Retief se *vlieg daar weg op 'n galop* roep die relevante konnotasies van oorwinning op. Scott het weereens met *Gelaumfig* 'n Engelse woord by die Duitse klankstruktuur aangepas en ekwivalensie van klank bewerkstellig. Al drie die vertalings roep allerlei humoristiese en handelingsgetroue variasies van die aksie voor die geestesoog van die leser op, en sou as klanklike en semantiese ekwivalente vertalings suksesvol wees.

### 5.5.1.7 Strofe 6

- ***beamish***

*Beamish* is nie 'n Carroll-neologisme nie, maar volgens *The Oxford English dictionary* so ver terug as 1530 'n wisselvorm van *beaming* met die betekenis van “shining brightly, radiant” (Gardner, 1998:197). Brink het glad nie die woord in sy vertaling verreken nie, en Retief se *frawe* herinner te veel aan *brawe*. Scott het ekwivalensie van klank bewerkstellig met *Böhm'sches*. Aangesien *beamish* dan nie 'n nonsenswoord is nie, sou 'n semantiese ekwivalent soos *stralend' seun* moontlik 'n gepaster keuse wees.

- ***frabjous***

Geen verklaring kon in die geraadpleegte literatuur vir *frabjous* gevind word nie. As dit op dieselfde prinsiep as *slithy* en *frumious* be-teken word, kan dit moontlik 'n portmanteau wees van *frivolous* + *fabulous* + *joyous* wat Brink dan in dié opsig suksesvol vertaal het met *praglik* (*pragtig* + *heuglik*), hoewel dit nie 'n klankekwivalent is nie, en Retief minder suksesvol met *flore*.

- ***Callooh! Callay!***

Die vreugde-uitroepe *Callooh! Callay!* is volgens Gardner (1998:197) moontlik twee vorme van 'n Griekse woord *kalos* wat “mooi” of “goed” beteken, en wat uitgespreek word soos Carroll dit gespel het. Dit sou ook die betekenis van die reël weergee en versterk.

Retief se *Floera! Floerag!* gee met alliterasie en assonansie die vreugde-ervaring in klankekwivalente goed weer. Brink se *Hoerê! Hefaan!* vervul dieselfde funksie, hoewel *hef aan* nie normaalweg in dié betekenis van hoera gebruik word nie. As oorwinningskreet word dit tog hier suksesvol aangewend.

- ***chortled***

*Chortled* is 'n Carroll-neologisme wat in *The Oxford English dictionary* opgeneem is en word gedefinieer as “a blend of 'chuckle and snort'” (Gardner, 1998:197). In Afrikaans sou *verkneukel* en *snuif/proes/snork* dieselfde betekenis as dié twee woorde dra. Brink se *giglag* (*giggel* + *lag*) kan as 'n klanklike ekwivalent beskou word hoewel dit gedwonge en onnatuurlik klink. *Skater(lag)* en *verkneukel* kon as semantiese ekwivalente moontlik geskikter keuses wees: *Kon hy hom verkneukel in plesier* of *Het hy geskater van plesier*. As 'n portmanteau-woord is die Afrikaanse verbindings/samestellings legio: *gesnorklag*, *verknort*, *sneukel* en so meer.

Retief se *Kon hy van blydschap kreun* is 'n oksimoron (*blydschap* en *kreun* weerspreek mekaar) wat nie semanties ekwivalent aan die bronteks is nie, maar tog werk: die jukstaposisie van die woorde gee sy inspanning en uitputting weer. Of dit egter semantiese ekwivalensie bewerkstellig is te betwyfel. Scott het weereens met *chortelt* ekwivalensie van klank bewerkstellig deur die BT-element by die DT-klankstelsel aan te pas.

## 5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is probeer aantoon in watter mate ekwivalensie in die Afrikaanse en Duitse vertalings van Lewis Carroll se nonsenseks “Jabberwocky” bewerkstellig is.

Aspekte wat betekenis genereer is nie soseer betekenisdraende woorde nie, maar sintaktiese patrone soos struktuur en grammatikale beginsels eie aan ’n individuele taal; daar is dus ’n integrale verband tussen vorm en inhoud. Die verband tussen vorm en inhoudelike betekenisgewing is geleë in die estetiese effek wat bewerkstellig word deur die strukturele koherensie. Estetiese effek word verkry deur die gebruik van alliterasie, rym, bepunting en die gebruik van hoofletters. Hierdie aspekte moet dus ook in die vertaling van so ’n teks verreken word.

Die vreemde dog evokatiewe woorde in die bronteks roep simbole en konnotasies op wat betekenisvol genoeg is om die gebeure suksesvol oor te dra. Elke vertaler sal dan nuut-skepping in sy eie taal moet vorm wat semanties ekwivalente simbole suggereer om ook die verhaal weer te gee.

Die vergelyking tussen hierdie vertalings bring ’n navorser tot die slotsom dat hoewel ’n eksakte vertaling altyd onmoontlik is, is ekwivalensie tog haalbaar: “... there seems to be some rough equivalence obtainable ... a kind of rough isomorphism, partly global, partly local, between the brains of all the readers [and translators] of these poems” (Hofstadter, 1979:373).

Uit die bespreking is dit duidelik dat al die vertalers van die “Jabberwocky”-vertalings wat hier bespreek word grootliks daarin slaag om ekwivalente te skep wat dieselfde potensiële simboliese en emotiewe gewaarwordinge oproep (vgl. 5.1). Ten opsigte van die twee Afrikaanse vertalings wil dit voorkom of Brink suksesvoller as Retief is ten opsigte van die skep van ’n ekwivalente DT-tekst. Dit blyk ook verder dat Retief in ’n mindere mate ’n suksesvolle DT-tekst geskep het, veral omdat dit duidelik is dat sy nie bewus was van Humpty Dumpty se woordverklarings binne die raamwerk van die Alice-werke nie.

Binne die teoretiese uitgangspunt van hierdie studie naamlik dat ekwivalensie van vorm meer as ekwivalensie van inhoud ’n voorwaarde is vir die geslaagdheid van ’n vertaling van ’n tekst wat primêr op taalspel berus, kan aanvaar word dat al die vertalers van die gedigte ter sprake elk in ’n mindere of meerdere mate ’n geslaagde DT-tekst geskep het.

## 6. Samevatting

“That’s a great deal to make one word mean,” said Alice in a thoughtful tone. “When I make a word do a lot of work like that,” said Humpty Dumpty, “I always pay it extra.”

(Carroll, 1993:184)

Die doel van hierdie skripsie was om binne die raamwerk van die dinamiese ekwivalensieteorie te bepaal watter vereistes die vorm-inhoud-problematiek in die vertaling van die “Jabberwocky”-gedig van Lewis Carroll as kreatiewe of nonsensteks aan die vertaler stel. Twee Afrikaanse vertalings van die gedig is met mekaar en met die bronteks vergelyk ten opsigte van vertaalekwivalensie.

Volgens Newmark (1995:49) is ekwivalensie ’n belangrike vertaalkonsep maar ’n ideaal eerder as ’n vereiste, omdat verskillende tipes tekste verskillende toepassingsmoontlikhede ten opsigte van ekwivalensie vra.

Om ’n gedig soos die “Jabberwocky” te vertaal is dit nodig dat die vertaler beweeg binne ’n nierigiede konseptuele raamwerk wat nie afhanklik is van rigiede definisies van getrouheid, vertaling of tekstipe nie, omdat die inhoud/boodskap van ’n kreatiewe teks nie van die vorm/struktuur daarvan geskei kan word nie, maar juis deur middel van die struktuur bewerkstellig word. Wat dus opvallend is, is die teks se potensiaal om gevoel, beelde en assosiasies – en dus betekenis – te suggereer. Omdat “Jabberwocky” ’n nonsensgedig is, speel semantiese ekwivalensie nie ’n groot rol in die vertaling van die teks nie. Die belangrikste eienskappe van die gedig is die rympatrone en klanklike aspekte wat atmosfeer en betekenis genereer. Daarom moet ekwivalensie van klank ook sterk figureer in die ekwivalent geslaagde DT-tekste. Hierdie aspekte is in hoofstuk 2 bespreek.

Die wiskundige Charles Lutwidge Dodgson se siening van die simboliese algebra en humoristiese benadering tot die letterkunde het sy beslag gevind in die twee Alice-werke. Die “Jabberwocky”-gedig vorm die inleiding tot die tweede fantasie wat gebou is op ’n grondslag van dubbele logika binne die wêreld van ’n omgekeerde werklikheid, soos

agter 'n spieël. Die “Jabberwocky” is dan ook 'n gedig waar die oënskynlik betekenislose inhoud juis betekenis verkry deur strukturele eenheid. Dié vorm-inhoud-problematiek van die “Jabberwocky” as nonsenstekes moet ook in die vertaling daarvan verreken word binne die teoretiese raamwerk van dinamiese ekwivalensie. Dié kontekstualisering van die “Jabberwocky” as bronteks is in hoofstuk 3 gedoen.

Teen die agtergrond van die basiese aanname van hierdie studie, naamlik dat dit inhoud van die nonsenstekes as eksponent van die kreatiewe literêre teks juis deur die vorm daarvan gestalte vind en betekenis kry, speel die evaluasie van die BT-teks in die vertaalproses 'n bepalende rol ten einde 'n geslaagde DT-ekwivalent te skep. In die evaluasie van die nonsenstekes moet die bronteks geanaliseer word om sodoende die linguistiese en vormlike profiel te bepaal en dan vas te stel in watter mate die DT-teks (vertaling) hieraan ekwivalent is. Hierdie aanname is in hoofstuk 4 gedoen deur die analise van die “Jabberwocky” as bronteks. Carroll slaag op meesterlike wyse daarin om in die “Jabberwocky” – op sigwaarde 'n sinlose gebrabbel (*jabberwocky*) – aan te toon hoedat die linguisties gestruktureerde vorm van 'n nonsenstekes betekenis gee aan sinlose inhoud.

Brink het uitstekend gevaar in sy taak om ekwivalensie van klank in sy vertaling “Brabbeltoggel” te bewerkstellig. Soos Richard Scott wat 'n Duitse vertaling van die gedig gedoen het, het hy die inherente klanktekstuur van Carroll se gedig as 'n essensiële en integrale geheel behou (vgl. ook Do Carmo, 1991:86). Retief se DT-teks “Die Flabberjak”, hoewel getrou aan die nonsensgenre, is in hierdie opsig minder geslaagd.

Beide Brink en Retief kon binne die nonsensgenre en die arbitrêre aard van woordbetekenisse speel met die skepping van neologismes aan die hand van die superstruktuur van die bronteks sowel as die woordverklaringe wat Humpty Dumpty as die “spiritual ancestry of literary critics” (Phillips, 1971:124) vir Alice gee. Albei het 'n ekwivalent geslaagde nonsensgedig in die doeltaalsisteem geskep. Hoewel semantiese ekwivalensie in die nonsenstekes nie dié belangrikste doel is nie, het Brink tog daarin geslaag om binne die konteks van die Alice-werke én Humpty Dumpty se woordverklarings ook 'n geslaagde doeltaal-ekwivalent te skep.

Met die vertaal van die “Jabberwocky” kon albei die vertalers inderdaad doen presies wat Humpty Dumpty vir Alice sê: Woorde maak beteken net wat hý wil hê hulle moet beteken:

“‘When I use a word,’ Humpty Dumpty said, in a rather scornful tone, ‘it means just what I choose it to mean – neither more nor less.’” (Carroll, 1993:184.)

In nonsensliteratuur as genre speel “betekenis” as denotasie ’n sekondêre rol. Daarom vertaal die vertaler nie oppervlakstruktuur nie, want in nonsensliteratuur word min betekenis gegenereer. Wat werklik vertaal moet word is ’n dieptestruktuur/vorm wat die leser in staat sal stel om die DT-teks te be-teken met dieselfde assosiasies en gevoelens as wat die leser van die oorspronklike teks ervaar het. Die vertaler van die nonsenstekes as kreatiewe tekse vertaal dus nie wat die woorde van die teks “beteken” nie, maar die betekenis waartoe dit mag lei.

Dit word algemeen aanvaar dat sin/sinvolheid – hetsy kommunikatief of semanties – die voorwaarde is vir ekwivalensie in vertaling (vgl. Dolitsky, 1988:89). Tog wil dit dan uit hierdie studie blyk dat ’n oënskynlik sinlose teks soos die “Jabberwocky” deur middel van mikro- en makrobetekenisgewingstrategieë, sowel as fonetiese betekenisgewingstrategieë, wel betekenis genereer, en dat die konnotasies en assosiasies wat hierdeur gevorm word ook in DT-tekste ekwivalent geakkommodeer en verreken kan word.

As Alice dan sê “... that would be nonsense ...” (Carroll, 1993:183) kan Humpty Dumpty haar verkeerd bewys. Die belangrikheid wat Carroll heg aan die betekenisgewingsproses word beklemtoon deurdat Carroll nie net hermeneutiese en eksegetiese probleme aanraak nie, maar so ver gaan om die stelling te maak dat sommige mense in staat is om ’n betekenis te sien en ander nie.

Die sentrale aanname van hierdie studie was dat ekwivalensie van vorm meer as ekwivalensie van inhoud ’n voorwaarde is vir die vertaling van ’n teks wat primêr op taalspel berus. Teen die agtergrond hiervan is aangetoon hoedat die vertalers van die Afrikaanse, Duitse sowel as die Nederlandse DT-teks daarin geslaag het om binne die teoretiese raamwerk van dinamiese ekwivalensie strukturele, klanklike en semantiese ekwivalente doeltaaltekste te skep.

## 7. Bylaag A: “Jabberwocky” (Lewis Carroll)

|     |                                             |   |  |  |
|-----|---------------------------------------------|---|--|--|
| 1.  | ‘Twas brillig, and the slithy toves         | a |  |  |
| 2.  | Did gyre and gimble in the wabe:            | b |  |  |
| 3.  | All mimsy were the borogoves,               | a |  |  |
| 4.  | And the mome raths outgrabe.                | b |  |  |
| 5.  | “Beware the Jabberwock, my son!             | c |  |  |
| 6.  | The jaws that bite, the claws that catch!   | d |  |  |
| 7.  | Beware the Jubjub bird, and shun            | e |  |  |
| 8.  | The frumious Bandersnatch!”                 | d |  |  |
| 9.  | He took his vorpal sword in hand:           | f |  |  |
| 10. | Long time the manxome foe he sought –       | g |  |  |
| 11. | So rested he by the Tumtum tree,            | h |  |  |
| 12. | And stood awhile in thought.                | g |  |  |
| 13. | And, as in uffish thought he stood,         | h |  |  |
| 14. | The Jabberwock with eyes of flame,          | i |  |  |
| 15. | Came whiffing through the tulgey wood,      | h |  |  |
| 16. | And burred as it came!                      | i |  |  |
| 17. | One, two! One, two! And through and through | j |  |  |
| 18. | The vorpal blade went snicker-snack!        | k |  |  |
| 19. | He left it dead, and with its head          | l |  |  |
| 20. | He went galumphing back.                    | k |  |  |
| 21. | “And, hast thou slain the Jabberwock?       | m |  |  |
| 22. | Come to my arms, my beamish boy!            | n |  |  |
| 23. | O frabjous day! Callooh! Callay!”           | o |  |  |
| 24. | He chortled in his joy.                     | n |  |  |
| 25. | ‘Twas brillig, and the slithy toves         | a |  |  |
| 26. | Did gyre and gimble in the wabe:            | b |  |  |
| 27. | All mimsy were the borogoves,               | a |  |  |
| 28. | And the mome raths outgrabe.                | b |  |  |

## 8. Bylaag B: Afrikaanse vertalings

### van die “Jabberwocky”

#### 8.1 “Brabbelwoggel” (André P. Brink)

|     |                                         |   |  |  |
|-----|-----------------------------------------|---|--|--|
| 1.  | Dis brillig en die glyme likkedis       | a |  |  |
| 2.  | Drool en drindel in die weib            | b |  |  |
| 3.  | Bibberkolies is die borogis             | a |  |  |
| 4.  | En die vniere rode sneib.               | b |  |  |
| 5.  | “Pas op vir die Brabbelwog, my seun!    | c |  |  |
| 6.  | Sy tande byt, sy kloue gryp!            | b |  |  |
| 7.  | Pas op vir die Joepjoepvoël se dreun    | c |  |  |
| 8.  | En die wroedige Ribberknyp!”            | b |  |  |
| 9.  | Hy vat sy swerpe sabel vas              | d |  |  |
| 10. | en seek die afgemankste ding –          | e |  |  |
| 11. | By die Toemtoemboom met die ronde kwas  | d |  |  |
| 12. | Gaan staan hy eers en dink.             | e |  |  |
| 13. | Hy staan nog daar en drommeldroom       | f |  |  |
| 14. | Toe kom die Vuuroog-Brabbelwog:         | g |  |  |
| 15. | Hy swiep daar uit die warboelboom       | f |  |  |
| 16. | En borbel boonop nog!                   | g |  |  |
| 17. | Een, twee! Een, twee! Die swerpe swaard | h |  |  |
| 18. | Vlym heen en weer dwarsdeur.            | i |  |  |
| 19. | Hy gryp die kop vas aan die baard       | h |  |  |
| 20. | En galuppel huis toe weer.              | i |  |  |
| 21. | “Het jy die Brabbelwog verslaan?        | j |  |  |
| 22. | Kom, dit moet ons eers vier.            | k |  |  |
| 23. | O praglik dag! Hoerê! Hef aan!”         | j |  |  |
| 24. | Hy gig-lag van plesier.                 | k |  |  |
| 25. | Dis brillig en die glyme likkedis       | a |  |  |
| 26. | Drool en drindel in die weib            | b |  |  |
| 27. | Bibberkolies is die borogis             | a |  |  |
| 28. | En die vniere rode sneib.               | b |  |  |

## 8.2 “Die Flabberjak” (Linette Retief)

- |     |                                         |   |  |
|-----|-----------------------------------------|---|--|
| 1.  | Dis gonker en die vore garings          | a |  |
| 2.  | Fruip en gronkel in die bloof;          | b |  |
| 3.  | Ja, grimvol was die kilderboom,         | c |  |
| 4.  | En die ploert wil kroof.                | b |  |
|     |                                         |   |  |
| 5.  | “O wee die Flabberjak, my seun!         | d |  |
| 6.  | Die kaak wat kou, die klou wat klap!    | e |  |
| 7.  | O wee die Flikflokvoël, en flak         | e |  |
| 8.  | Die frose Blakkerdap!”                  | e |  |
|     |                                         |   |  |
| 9.  | Sy hand omsluit die fredel swaard:      | f |  |
| 10. | En soek, soek hy die frap voorwaar –    | f |  |
| 11. | Hy rus onder die Kloringboom,           | g |  |
| 12. | En dink ’n bietjie daar.                | f |  |
|     |                                         |   |  |
| 13. | Hy staan nog daar so friep te dink,     | h |  |
| 14. | Toe kom die Flabberjak al aan –         | i |  |
| 15. | Sy oge vlam deur frose bos,             | j |  |
| 16. | Sy mond die skuim en traan!             | i |  |
|     |                                         |   |  |
| 17. | Hoera! Dis da’! Hy’s deur, reg deur!    | k |  |
| 18. | Die fredel swaard maak klikker-klak ... | l |  |
| 19. | Hy los die lyf en vat die kop           | m |  |
| 20. | En vlieg daar weg op ’n galop.          | m |  |
|     |                                         |   |  |
| 21. | “En is die Flabberjak nou dood?         | n |  |
| 22. | Kom skud my blad, my frawe seun!        | d |  |
| 23. | O flore dag! Floera! Floerag!”          | o |  |
| 24. | Kon hy van blydschap kreun.             | d |  |
|     |                                         |   |  |
| 25. | .Dis gonker en die vore garings         | a |  |
| 26. | Fruip en gronkel in die bloof;          | b |  |
| 27. | Ja, grimvol was die kilderboom,         | c |  |
| 28. | En die ploert wil kroof.                | b |  |

## 9. Bylaag C: Nederlandse vertalings van die “Jabberwocky”

### 9.1 “De Krakelwok” (Ab Westervaaarder en René Kurpershoek)

1. 't Was bradig en de slijp'le torfs
2. Driltolden op de wijde weep:
3. Misbrozig stonden borogorfs,
4. 't Verdoolde grasvark schreep.
  
5. “Mijn zoon, vrees de Krakelwok!
6. Zijn kakement, zijn grepe klauw!
7. Vrees ook de Jubjub-vlerkenbrok,
8. De gritse Bandjegauw!”
  
9. Hij nam 't vorpalen zwaard ter hand:
10. Lang zocht hij naar het manxaam vod –
11. Toen, rustend by de Ploemploemplant,
12. Bepeinsde hij zijn lot.
  
13. Zo, nijvig peinzend, stond hij daar,
14. Toen Krakelwok, zijn oog vol vlam,
15. Door het rapuinhout blaaide, zwaar
16. Burbelend waar hij kwam!
  
17. Hup één! Hup twee! Het scherp vorpaal
18. Hieuw kriskras en met luid gedruis!
19. Het beest lag dood; hij, galomfaal,
20. Reed met de kop naar huis.
  
21. “Hebt gij de Krakelwok geveld?
22. O heugle dag! Hoezee! Hoezot!
23. Omhels mij, zoonlief, brale held!”
24. Hij gnorde van genot.
  
25. 't Was bradig en de slijp'le torfs
26. Driltolden op de wijde weep:
27. Misbrozig stonden borogorfs,
28. 't Verdoolde grasvark schreep.

## 9.2 “Wauwelwok” (Alfred Kossman en C. Reedijk)

1. 't Wier bradig, en de spiramants
2. Bedroorden slendig in het zwiets:
3. Hoe klarm waren de ooiefants,
4. Bij 't bluifen der beriets.
  
5. Pas op de Wauwelwok, mijn kind!
6. Zo scherp getand, van klauw zo wreed!
7. Zorg dat Tsjoep-Tsjoep je nimmer vindt,
8. Vermijd de Barbeleet.
  
9. Hij nam zijn gnijpend zwaard ter hand:
10. Lang zocht hij naar der aarts-schavoest
11. Maar nam rust in lommers lust
12. Op een tumtumboomknoest.
  
13. En toen hij zat in diep gedenk,
14. Kwam Wauwelwok met vlamvend oog,
15. Dwars door het bos met zwalps zwenk,
16. Sluw borbelen wijl hij vloog.
  
17. Eén, twee! Hup twee. En door en door
18. Ging kler de kling toen krissekruis.
19. Hij sloeg hem dood en blodd'rig rood
20. Bracht hij het tronie thuis.
  
21. Hebt gij versnaggeld Wauwelwok?
22. Kom aan mijn hart, o jokkejeugd!
23. O, heerlijkheid, fantabeltijd!
24. Hij knorkelde van vreugd.
  
25. 't Wier bradig, en de spiramants
26. Bedroorden slendig in het zwiets:
27. Hoe klarm waren de ooiefants,
28. Bij 't bluifen der beriets.

### 9.3 “Koeterwaal” (Nicolaas Matsier)

1. Het schiewert en de glappe muik
2. Graffelt zich in de vijchten
3. Maar heel sloef was de rontelguik,
4. En strave woelen krijgten.
  
5. “Hoed voor de Koeterwaal je, zoon!
6. Zijn scherp gebit, zijn reuzenzwaai!
7. Vermijd het Dubdubdier, verschoon
8. De glurieuze Beffesnaai!”
  
9. Hij nam zijn worpel zwaard ter hand
10. En speurde bij de Plingplongboom,
11. Maar niemand bood hem tegenstand,
12. En zo stond hij in kroom.
  
13. In ruffig denken trof hem daar
14. De Koeterwaal, met vlamvend oog,
15. Die zwingend door het groene vlaar
16. Hem worvelend bevloog.
  
17. Daar ging zijn zwaard: van hup en hop,
18. Van zig en zag en zoef!
19. Dood bleef het monster – en de kop
20. Keek wel een beetje droef.
  
21. “Is hij ontzield, de Koeterwaal?
22. Werp aan mijn borst u, lieve deugd!
23. O kostbaarlijke dag! Kaneel! Kanaal!”
24. Hij gnuivelde van vreugd.
  
25. Het schiewert en de glappe muik
26. Graffelt zich in de vijchten
27. Maar heel sloef was de rontelguik,
28. En strave woelen krijgten.

## 10. Bylaag D: Duitse vertaling van die “Jabberwocky”

### 10.1 “Der Jammerwoch” (Robert Scott)

1. Es brillig war. Die schlichten Toven
2. Wirrten und wimmelten im Waben;
3. Und aller-mümsige Burggoven
4. Die mohmen Räth' ausgraben.
  
5. Bewahre doch vor Jammerwoch!
6. Die Zähne knirschen, Krallen kratzen!
7. Bewahr' vor Jub jub-Vogel, vor
8. Frumi"sen Banderschnatzen!
  
9. Er griff sein vorpals Schwertchen zu,
10. Er suchte lang das manchsam' Ding;
11. Dann, stehend unter'm Tumtum Baum,
12. Er an-zu-denken-fing.
  
13. Als stand er tief in Andacht auf,
14. Des Jammerwochen's Augen-feuer
15. Durch tulgen Wald mit wiffeln kam,
16. Ein burblend Ungeheuer!
  
17. Eins, Zwei! Eins, Zwei! Und durch und durch
18. Sein vorpals Schwert zerschniferschnück,
19. Da blieb es todt! Er, Kopf in Hand,
20. Geläumfig zog zurück!
  
21. Und schlugst Du ja den Jammerwoch?
22. Umarme mich, mein B"hm'sches Kind!
23. O Freuden-Tag! O Halloo-Schlag!
24. Er chortelt froh-gesinnt.
  
25. Es brillig war. Die schlichten Toven
26. Wirrten und wimmelten im Waben;
27. Und aller-mümsige Burggoven
28. Die mohmen Räth' ausgraben.

## 11. Bylaag E

### 11.1 Sir John Tenniel se illustrasie van die “Jabberwocky”<sup>24</sup>



---

<sup>24</sup> Carroll, 1993:135

## 11.2 Fred Mouton se illustrasie van die “Flabberjak”<sup>25</sup>



<sup>25</sup> Grüttler, 1992:13

## 12. Bibliografie

ALKALAY-GUT, K. 1987. Carroll's "Jabberwocky". *The explicator*, 46(4):27-31.

ANDREWS, I. C. 1992. Die vertaling van klanklike aspekte binne die sonnet met spesiale verwysing na "Verhaal" en drie vertalings. Ongepubliseerde MA-verhandeling in linguistiek (vertaalkunde). Pretoria: UNISA.

BABLER, O. F. 1970. Poe's "Raven" and the translation of poetry. (*In* Holmes, J. S., *ed.* The nature of translation. The Hague: Mouton. p. 195-200.)

BASSNETT, S. 1980. Translation studies. London: Methuen.

BASSNETT, S. 1992. Translation studies. London: Methuen.

BASSNETT, S. en LEFEVERE, A., *eds.* 1990. Translation, history and culture. London: Pinter.

BELL, R. T. 1991. Translation and translating: theory and practice. London: Longman.

BOETS, J. 1960. Klanksymboliek in een gedicht van Karel van de Woestijne. *Spiegel der letteren*, 4:24-37.

BOTHA, R. P. 1995. The world of language: a Carrollian canvas (Stellenbosch Papers in Linguistics no. 29). Stellenbosch: University of Stellenbosch.

BRISLIN, R. W., *ed.* 1976. Translation: applications and research. New York: Gardner.

BROWER, R., *ed.* 1959. On translation. Cambridge: Harvard University Press.

CARROLL, L. 1987. Die avonture van Alice (vertaal deur A. P. Brink). Kaapstad: Human en Rousseau.

- CARROLL, L. 1993. The complete illustrated works of Lewis Carroll. London: Chancellor Press.
- CARSTENS, W. A. M. 1994. Norme vir Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.
- CARSTENS, W. A. M. 1997. Afrikaanse tekslinguistiek. Pretoria: Van Schaik.
- CATFORD, J. C. 1965. A linguistic theory of translation. London: Oxford University Press.
- CHOMSKY, N. 1957. Syntactic structures. The Hague: Mouton.
- CIARDI, J. 1971. "A burble through the tulgey wood." (*In Phillips, R., ed. Aspects of Alice. New York: Vanguard. p. 253-261.*)
- CILLIERS, I., *ed.* 1993. Towards more understanding: the making and sharing of children's literature in Southern Africa. Kenwyn: Juta.
- CLARK, A. 1981. The real Alice. New York: Stein en Day.
- COHEN, M., *ed.* 1982. The selected letters of Lewis Carroll. New York: Pantheon.
- COMBRINK, A. 1997. Ongepubliseerde honneursaantekeninge vir vertaalkunde. Potchefstroom: PU vir CHO.
- CRYSTAL, D. 1987. The Cambridge encyclopaedia of language. Cambridge: Cambridge University Press.
- CUDDON, J. A. 1991. The Penguin dictionary of literary terms and literary theory. London: Penguin.
- DE BEAUGRANDE, R. en SHUNNAG, A. en HELIEL, H. *eds.* 1994. Language, discourse and translation in the West and Middle East. Amsterdam: Benjamins.

DE VILLIERS, M. 1969. Nederlands en Afrikaans. Kaapstad: Nasou.

DO CARMO, F. N. 1991. Levels of equivalence in the translation of two poems. Unpublished MA-dissertation. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

DOLITSKY, M. 1988. The translation of nonsense. *Babel: international journal of translation*, 34(2):80-89.

DUSINBERRE, I. 1987. Alice to the lighthouse. London: Macmillan.

EDE, L. 1987. An introduction to the nonsense literature of Edward Lear and Lewis Carroll. (In Tigges, W., ed. Explorations in the field of nonsense. Amsterdam: Rodopi. p. 47-60.)

FORDYCE, R. en MARELLO, C., eds. 1994. Semiotics and linguistics in Alice's worlds. Berlin: Walter de Gruyter.

FRIES, C. C. 1952. The structure of English. New York: Harcourt.

FROMKIN, V. en RODMAN, R. 1978. An introduction to language. New York: Holt, Rinehart en Winston.

GARDNER, M., ed. 1998. The annotated Alice. London: Fletcher.

GENTZLER, E. 1993. Contemporary translation theories. London: Routledge.

GRÜTTER, W. 1992. Die riedel swaard wat blink en klink. *Die Burger Boekeblad*:13, Aug. 25.

GUTT, E.-A. 1991. Translation and relevance: cognition and context. Oxford: Basil Blackwell.

HAT *kyk* ODENDAL, F. F., red.

HAUPTFLEISCH, D. C., red. 1984. Woordeboek van die Afrikaanse taal. Pretoria: Die

Staatsdrukker.

HAWKES, T. 1985. Structuralism and semiotics. London: Methuen.

HEATH, P. 1974. The philosopher's Alice. London: Academy.

HERMANS, T., *ed.* 1985. The manipulation of literature: studies in literary translation. London: Croom Helm.

HOCKETT, C. F. 1958. A course in modern linguistics. New York: Macmillan.

HOFSTADTER, D. R. 1979. Gödel, Escher, Bach: an eternal golden braid. New York: Basic.

HOLMES, J. S., *ed.* 1970. The nature of translation. The Hague: Mouton.

HORNBY, A. S. 1995. Oxford advanced learner's dictionary. Oxford: Oxford University Press.

HOUSE, J. 1981. A model for translation quality assessment. Tübingen: Gunther Narr.

JAKOBSON, R. 1959. On linguistic aspects of translation. (*In* Brower, R. A., *ed.* On translation. Cambridge: Harvard University Press. p. 232-239.)

KADE, O. 1968. Zufall und Gesetzmässigkeit in der Übersetzung. Leipzig: V. E. B. Verlag.

KELLY, L. 1979. The true interpreter: a history of translation theory and practice in the west. Oxford: Basil Blackwell.

KLINGBERG, G., ORVIG, M. en ARMOR, A., *eds.* 1978. Children's books in translation: the situation and the problems. Stockholm: Almqvist en Wicksell.

KOLLER, W. 1972. Grundprobleme der Übersetzungstheorie: unter besonderer

Berücksichtigung Schwedisch-deutscher Übersetzungsfälle. Berne: Franke.

KOLLER, W. 1983. Einführung in die Übersetzungswissenschaft. Heidelberg: Quelle  
en Meyer.

KROES, G. 1981. Die rol van vorm in die vertaling van referensiële tekste. *Die taalpraktisyn*, 4:17-40.

KROES, G. 1986. 'n Vertaalstrategie vir referensiële tekste. *Die taalpraktisyn*, 2:26-45.

KÜHLWEIN, W., THORNE, G. en WILLS, W., eds. 1978. Kontrastive Linguistik und Übersetzungswissenschaft. Akten des Internationalen Kolloquiums, Trier/Saarbrücken, 25-30 Sep. 1978. München: Fink.

LAMBERT, J. en VAN GORP, H. 1985. On describing translations. (*In* Hermans, T., ed. The manipulation of literature: studies in literary translation. London: Croom Helm. p. 42-53.)

LEFEVERE, A. 1975. Translating poetry: seven strategies and a blueprint. Amsterdam: Van Gorcum.

LEFEVERE, A., ed. 1992a. Translation/history/culture: a sourcebook. London: Routledge.

LEFEVERE, A., ed. 1992b. Translation, rewriting and the manipulation of literary fame. London: Routledge.

LEVY, J. 1969. Die literarische Übersetzung: Theorie einer Kunstgattung. Frankfurt: Athenäum.

LIM, K. 1997. "Jabberwocky" variations. [Available on Internet:] <http://www.pair.com/Keithlim/jabberwocky/.htm> [Date of access: Feb. 11 1998]

LOHANN, C. 1986. Kinderlektuur. Pretoria: HAUM.

LUKENS, R. J. 1986. A critical handbook of children's literature. Illinois: Scott, Foresman

en Company.

MALMKJAER, K., *ed.* 1991. The linguistics encyclopaedia. London: Routledge.

MEINTJIES, E. 1992. Language as myth. *South African journal of linguistics*, 10(4):260-263.

NEWMARK, P. 1981. Approaches to translation. Oxford: Pergamon.

NEWMARK, P. 1988. A textbook of translation. New York: Prentice-Hall.

NEWMARK, P. 1995. A textbook of translation. New York: Prentice-Hall.

NIDA, E. A. 1964. Toward a science of translating. Leiden: E. J. Brill.

NIDA, E. A. 1976. A framework for the analysis and evaluation of theories of translation. (*In* Brislin, R. W., *ed.* Translation: applications and research. New York: Gardner. p. 47-79.)

NIDA, E. A. en DE WAARD, J. 1986. From one language to another: functional equivalence in Bible translating. New York: Thomas Nelson.

NIDA, E. A. en TABER, C. R. 1964. The theory and practice of translation. Leiden: E. J. Brill.

NIDA, E. A. en TABER, C. R. 1969. The theory and practice of translation. Leiden: E. J. Brill.

NIDA, E. A. en TABER, C. R. 1982. The theory and practice of translation. Leiden: E. J. Brill.

NORD, C. 1991. Scopos, loyalty and translational conventions. *Target*, 3(1):91-109.

ODENDAL, F. F., *red.* Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Derde

hersiene uitgebreide uitgawe. Johannesburg: Perskor.

ORWELL, G. 1962. *Inside the whale and other essays*. Hammondsworth: Penguin.

PHILLIPS, R., *ed.* 1971. *Aspects of Alice*. New York: Vanguard.

POPOVIC, A. 1976. *A dictionary for the analysis of literary translation*. Edmonton: University of Alberta.

PRICKETT, S. 1979. *Victorian fantasy*. Sussex: Hassocks.

PYCIOR, H. 1984. At the intersection of mathematics and humour: Lewis Carroll's Alices and symbolical algebra. *Victorian studies*, 28:149-170, Autumn.

RAIDT, E. 1985. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Johannesburg: Nasou.

RAFFEL, B. 1979. *The forked tongue: a study of the translation process*. The Hague: Mouton.

RAFFEL, B. 1988. *The art of translating poetry*. London: State University Press.

REISS, K. en VERMEER, H. J. 1984. *Grundlegung einer allgemeine Translationstheorie*. Tübingen: Niemeyer.

RETIEF, L. 1996. Vertaling van gedig: "Die Flabberjak." Faks aan outeur. Vanderbijlpark: Okt. 7. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

ROSS, M. 1991. *A descriptive study of A. P. Brink's Afrikaans translations of three English children's classics*. Unpublished M.A.-dissertation. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

ROUSSEAU, L. 1993. Thinking in another key. (*In* Cilliers, I., *ed.* *Towards more understanding: the making and sharing of children's literature in Southern Africa*. Kenwyn: Juta. p. 69-78.)

SAPIRE, J. E. 1995. Literêre vertaling en die invloed van teorie op die praktyk. *Tydskrif*

SCHOOT, H. G. 1988. *Linguistics, literary analysis, and literary translation*. Toronto: University of Toronto Press.

SEWELL, E. 1952. *The field of nonsense*. London: Chatto en Windus.

SHAW, D. 1998. *Glorious nonsense – Jabberwocky*. [Available on Internet:] <http://www.jabberwocky.com.carroll/jabber/> [Date of access: Feb. 19 1998]

SNELL-HORNBY, M. 1990. Linguistic transcoding or cultural transfer: a critique of translation theory in Germany. (*In Bassnett, S. en Lefevere, A., eds. Translation, history and culture*. London: Pinter. p. 79-86.)

SUTHERLAND, R. 1970. *Language and Lewis Carroll*. The Hague: Mouton.

SUTHERLAND, Z. en ARBUTHNOT, M. H. 1972. *Children and books*. Illinois: Scott, Foresman en Company.

SVEJCER, A. D. 1981. Levels of equivalence or translation models? (*In Kühlwein, W., Thorne, G. en Wilss, W., eds. Kontrastive Linguistik und Übersetzungswissenschaft. Akten des Internationalen Kolloquiums, Trier/Saarbrücken, 25-30 Sep. 1978*. München: Fink. p. 320-323.)

THE OXFORD ENGLISH DICTIONARY. 1933. Oxford: Oxford at the Clarendon Press.

TIGGES, W., *ed.* 1987. *Explorations in the field of nonsense*. Amsterdam: Rodopi.

TIGGES, W. 1987. An anatomy of nonsense. (*In Tigges, W., ed. Explorations in the field of nonsense*. Amsterdam: Rodopi. p. 23-46.)

TOLKIEN, J. R. R. 1984. *The monsters and the critics and other essays*. Boston: Houghton Mifflin.

TOURY, G. 1981. Translated literature: system, norm, performance. (*In Toury, G., ed.*

In search of a theory of translation. Tel Aviv: Porter Institute for Poetics and Semiotics. p. 35-50.)

TOURY, G., *ed.* 1980. In search of a theory of translation. Tel Aviv: Porter Institute for Poetics and Semiotics.

VAN DEN BROECK, R. 1972. Inleiding tot de taalwetenschap. Leuven: Acco.

VAN DEN BROECK, R. en LEFEVERE, A. 1979. Uitnodiging tot de vertaalwetenschap. Muiderberg: Coutinho.

VAN LUXEMBURG, J., BAL, M. en WESTSTEIJN, W. G. 1983. Inleiding in de literatuurwetenschap. Muiderberg: Coutinho.

VITACOLONNA, L. 1994. Aspects of coherence in Alice. (*In* Fordyce, R. en Marengo, C., *eds.* Semiotics and linguistics in Alice's worlds. Berlin: Walter de Gruyter. p. 94-101.)

WALKER, A. K., KRUGER, A. en ANDREWS, I. L. 1995. Translation as transformation: a process of linguistic and cultural adaptation. *South African journal of linguistics*, Supplement 26:99-150.

WAT *kyk* Hauptfleisch, D. C., *red.*

WILLS, W. 1976. Perspectives and limitations of a didactic framework for the teaching of translation. (*In* Brislin, R. W., *ed.* Translation: applications and research. New York: Gardner. p. 117-137.)